Nuusbrief 13 / 12 Julie 2024

# RAKER

Respek / Respect — Authentic / Oorspronklik — Kreatief / Creative — Kommunikasie / Communication — Entoesiasme / Enthusiastic — Responsibility / Verantwoordelikheid

"Maak dit jou missie in die lewe om te floreer, nie net om te oorleef nie"

## Uit die Hoof se Kantoor

Beste Ouers

Met die aanvang van 'n nuwe, koue derde kwartaal, wil ek graag 'n oomblik neem om my dankbaarheid uit te spreek teenoor al ons leerders wat hierdie vakansie getoer, of aan sportaktiwiteite deelgeneem het. Dankie dat elkeen ons skool se naam hoog gehou het. Dankie aan al ons ouers vir hul ondersteuning aan beide ons kinders en personeel. Dit is vir seker een vir die geheuebank.

Die winter is in volle swang, en ons verstaan hoe belangrik dit is om gesond te bly. Deur ons hande te ontsmet, is 'n goeie begin om lank gesond en sterk te bly en 'n positiewe leeromgewing te handhaaf.

Ons uitreik na CHOCK was uiters suksesvol en ons bedank ons ouers vir hul positiewe bydraes. Dankie dat ons leerders met entoesiasme aan die sokkiepret deelgeneem het.

Ons verwelkom juffrou Elzaan Naudé, 'n ou bekende, in juffrou Celesté Terblanche se plek, asook juffrou Luzanne Gresse in die Afrikaans Departement.

Weereens dankie dat u ons met u kind se opvoeding vertrou. Ons sien uit na 'n produktiewe derde kwartaal.

## INLIGTING

*Midstream Ridge Laerskool* het R6671.20 ten bate van *CHOC* (Childhood Cancer Foundation SA) ingesamel. Baie dankie aan elkeen vir u openhartigheid.

Lees gerus hul brief deur op die volgende skakel te klik.

CHOC

## SKAAKNUUS

Ons hartlike dank en gelukwense aan ons o.9A-, o.11A- en o.13A-skaakspanne met hul uitnemende deelname aan die *Tshwane-Suid Skole Distriktoernooi* (D4). Dié spanne het teen *Crawford International, De Krans, Laerskool Lynnwood, Laerskool Monumentpark en Laerskool Silverton*, deelgeneem.


Dit is met groot vreugde dat ons u meedeel dat MRP uitsonderlik goed gevaar het:

O.9A-span het eerste plek behaal

O.11A-span het tweede plek behaal

O.13A-span het eerste plek behaal

Dié prestasies van die drie spanne, verseker vir hul 'n plek D4-ligafinaal wat op Saterdag 3 Augustus plaasvind.



## EDANA-TOEP

Ons skool se selfoontoepassing vir kommunikasie is opgedateer en lyk nou anders. Volg asb. die onderstaande skakel vir 'n gids om die nuwe toepassing af te laai. Dié toepassing het vanaf 1 Julie 2024 in volle werking getree. Indien u nog nie die nuwe toepassing op u foon geïnstalleer het nie, volg asb. die onderstaande skakel om dit so gou moontlik te doen. **EDANAGIDS**

## MANDELADAG

Mandeladag is om die draai. Dankie vir die bestanddele en bottels wat reeds by die klasse is. Die leerders is al opgewonde om hul 67 minute vir liefdadigheid te doen.

**MANDELADAG**



